



INTERNASIONALE MARKTE - HANDELSpanning BEDRUK MARKTE

► NIKKEI, S&P 500 SLUIT LAER

Internasionale aandele was in Mei erg onder druk danksy die handelsspanning tussen die VSA en China. Dit het die invloed van die sentrale banke van verskeie lande, wat in onlangse maande markte gesteun het, uitgewis. Die MSCI Wêreldindeks het in Mei met 5.9% teenoor April gedaal, aangedryf deur swakker vertonings in beide ontwikkelde en ontluikende markte.

Die MSCI Indeks vir ontwikkelde markte het die maand 5.8% in die rooi gesluit, veral danksy dalings in Japan en die VSA. Die Nikkei 225 Indeks was in Mei 7.2% laer as in April danksy die konflik tussen die wêreld se twee grootste ekonomieë en 'n sterker yen.

Die S&P 500 het 6.4% laer gesluit. Volgens Bloomberg was dit die swakste vertoning vir Mei in sewe jaar en die tweede swakste vertoning sedert die jare sestig. Negatiewe handelsoontwikkelinge tussen die VSA, China en Mexiko het Amerikaanse aandele negatief beïnvloed en wisselvalligheid aangedryf.

In Europa, die Midde-Ooste en Afrika was die dalings nie so skerp nie en die MSCI EMEA Indeks het 3.7% laer as in April gesluit. Die MSCI Indeks vir Latyns-Amerika het relatief beter gevaar en Mei op slegs 2% laer gesluit.

► RESESSIE VOORSPELLINGS DUIK OP

Morgan Stanley het naby die einde van Mei 'n waarskuwing uitgereik dat daar moontlik 'n resessie op pad is. "Meer en meer tekens dui daarop dat resessie kan ontwikkel." Aldus die verslag.

Die maatskappy het drie redes vir hierdie siening gegee: ekonomiese data vir die VSA is besig om te verswak; kredietmarkte se vertonings dui op 'n waarskuwing van moeiliker tyd vorentoe; en groeisektore presteer swakker.

BELEGGINGSEMINAAR - 26 JUNIE 2019

Sprekers Magnus Heystek, Direkteur en Beleggingstrateeg van Brenthurst, ekonoom Mike Schüssler, Sam Houlie van Counterpoint en Tony Bell van Mi-Plan sal hul insigte deel van wat hulle van markte verwag ná afloop van die verkiesing in SA en die verwagte stadiger internasionale ekonomiese groei.

BESPREEK NOW:

<http://www.bwm.co.za/seminars/>

Johannesburg: 26 Junie 2019 @ 16:00
The Forum at The Campus, Bryanson

PLAASLIKE MARKTE

- VERKIESINGUITSLAG GOED ONTVANG MAAR UITDAGINGS

► LOUWARM REAKSIE OP NUWE KABINET

Die reaksie op die verkiesing en die aanstelling van 'n nuwe kabinet kort daarna is betreklik goed deur die markte ontvang maar die uitdagings vir die plaaslike ekonomie bly 'n bron van kommer. Internasionale gebeure het in Mei 'n groter invloed op plaaslike markte gehad. Die rand is ook geraak en het 2.5% laer as in April gesluit. SA aandele het dieselfde pad as internasionale aandele gevolg en Mei laer afgesluit danksy nuwe spanning oor handelsooreenkomste tussen die VSA en China. Die FTSE/JSE Indeks van Alle aandele het die maand 4.8% laer gesluit, veral danksy swak vertonings deur hulpbron en nywerheidsaandele. Dit was die swakste vertoning vir ses maande ná vyf agtereenvolgende maande van stygings.

Die FTSE/JSE nywerheidsindeks het in Mei 6% laer as in April gesluit. Kleinhandelaars het in die laaste week van die maand goed gevaar danksy die matige positiewe sentiment oor die nuwe kabinet. Die hulpbronne indeks het 5.1% laer gesluit. Die dollarprys van goud het die maand 1.7% hoër gesluit en die platinaprys het met 10.6% gedaal. Die finansiële indeks was net 2.3% laer as in April aangesien bankaandele goed op die nuwe kabinet gereageer het.

S&P het sy gradering van SA in Mei onveranderd gehou op BB met 'n stabiele vooruitsig. Die agentskap verwag dat ekonomiese hervorming aangepak sal word na afloop van die verkiesing, wat ekonomiese groeivooruitsigte kan steun.

SOURCES: Anchor Capital, Momentum, Morgan Stanley, Wheels24, Netwerk24

► INFLASIE LAER AS VERWAG

Inflasie het in April op 4.4% afgesluit, wat laer was as wat algemeen verwag is. Dit bied steun dat die SA Reserwebank rentekoerse onveranderd sal hou.

Die April inflasiesyfer was net-net laer as die 4.5% wat vir Maart aangekondig is. Dit was laer as 'n peiling deur Trading Economics, wat voorspel het dat die syfer vir April tot 4.7% gaan styg. 'n Peiling deur Bloomberg het getoon dat die meeste kommentators verwag het dat inflasie onveranderd op 4.5% gaan bly. Dit was ondanks die skerpste styging vir die petrolprys in vier jaar – die derde agtereenvolgende verhoging.

As die langtermyn tendens in ag geneem word, lyk sake glad nie goed nie. Die Ekonoom Mike Schüssler het op Netwerk24 geskryf dat pryse van Januarie 2008 to April vanjaar met 84.9% gestyg het. Dit is grootliks te danke aan geadministreerde pryse deur verskillende staatsafdelings. Byvoorbeeld – die prys van water het in daardie tydperk met 205% gestyg en elektrisiteitspryse met 351%.

► VOERTUIGVERKOPE SWAKKER

'n Aankondiging deur die Nasionale Vereniging van Voertuigvervaardigers, Naamsa, toon dat voertuigverkope in Mei 'n teleurstellende maand gehad het en ook dat uitvoerverkope ook vir die eerste keer vanjaar gedaal het. 'n Totaal van 40 506 voertuie is in die plaaslike mark verkoop, 2 444 minder as in Mei verlede jaar. Uitvoerverkope was 2 866 minder as die 32 829 voertuie wat in die ooreenstemmende maand verlede jaar verkoop is.

Die meeste van die nuwe voertuie is deur handelaars verkoop, sowat 5.8% is aan die motorverhurlingsmark verkoop en 2.9% aan die regering.

MAAK SEKER DAT 'N BELEGGINGSTRATEGIE EN FINANSIËLE PLAN AANGEPAS WORD AS OMSTANDIGHED VERANDER

Johannesburg +27 (0) 11 799 8100
Sandton +27 (0) 10 035 1391
Pretoria +27 (0) 12 347 8240

Newlands +27 (0) 21 418 1236
Bellville +27 (0) 21 914 9646
Stellenbosch +27 (0) 21 882 8706